EIKESTAD NASORG INLIGTING: 2019

Lees asb die onderstaande inligting aandagtig deur.

Nasorghoof

Naam	Selnommer	Epos-adres	Verjaarsdag
Nicola van der Merwe	0845808283	nicolavdm01@gmail.com	22 Maart

Nasorg-assistente

Naam	Taak	Selnommer	Epos-adres	Verjaarsdag
Ellanor Witbooi	Assistent en Toesighouer	0761891291		16 Junie
Sheila Wareley	Hoof Toesighouer en assistent	0731588865		20 November
Jo-Anne MHoney	Toesighouer	0735866279		15 Oktober
Cherlene Ruiters	Toesighouer	0721449139		7 November

Struktuur van Nasorg

'n Vasgestelde roetine word daagliks gevolg.

1. Na skool meld die kinders by die nasorg aan en word op die register afgemerk. Ouers word asb versoek om te kom aanmeld as kinders afgehaal word. U moet asb u kind/ers kom uitteken.
2. Die kind eet, beoefen sport en doen huiswerk. (Afhangende van u kind se program)
3. Daarna is dit speeltyd.

Bogenoemde roetine mag verskil van kind tot kind – afhangende van die buitemuurse program.

Spyskaart

DAG	KOS	VRUGTE/VERSNAPPERING
Maandag	Worsrolle	Vrug + sap/water
Dinsdag	Vetkoeke(Somertyd)	Vrug + sap/water
Woensdag	Worsbroodjie (Hotdog)	Jellie en vla +sap/water
Donderdag	Ham en kaas rol	Vrug + sap/water
Vrydag	Chicken en mayo toastie	Lekkers + sap/water

Huiswerk

- Die kinders word in groepe verdeel wanneer hulle huiswerk doen.

1. **Graad R**

   Hulle is in die gelukkige posisie om heeldag te speel. Inkleurprente/inkleurboeke word verskaf. Dit sal waardeer word indien elkeen sy eie inkleurkryte (uitdraaikryte) kan bring.

   Verder verwag ons dat elke kind ekstra skoon klere (duidelik gemerk) sal saambring.

2. **Grondslagfase (Graad 1 tot 3)**

Daar word deeglik huiswerk in hierdie fase gedoen. Die leerders kry elke dag 'n huiswerkvel wat opgestel word volgens die huiswerkprogram wat deur die verskillende klasonderwysers uitgewerk word. Die leerders se huiswerk word onder toesig van myself, Sheila en Ellanor gedoen. Hul huiswerk word deur my en Ellanor gekontroleer.

Die Grondslagfase benodig die volgende skryfbehoeftes vir die huiswerkklas:

Huiswerkboek
Potloodsakkie
Uitdraaikryte/Inkleurpotlode
Skêr
Grys HB potlode
Uitveër
Liniaal
Skerpmaker

3. Intermediêre fase (Graad 4 tot 7)

Die graad 4 tot 7 leerlinge doen huiswerk onder toesig van myself. Hierdie leerders moet self verantwoordelikheid en dissipline aan die dag lê vir die voltooiing van die huiswerk. Die leerders moet ten minste 45 min elke dag huiswerk doen. Daar word verwag dat daar stilte in dié klas sal heers terwyl huiswerk gedoen word. Leerders moet mekaar hiervoor respekteer.

Reëls vir die kinders

- Leerders moet na skool aanmeld sodat hulle op die register afgemerk kan word.
- Hulle moet op die regte terrein speel.
- Hulle moet te alle tye eerlik wees teenoor hul medenasorglede.
- Hulle moet respek toon teenoor almal (personeel, leerders, hulself) asook die eiendom van die nasorg.
- Boeliegedrag, terg en afknou is nie aanvaarbaar nie.
- Klipgooiery is taboe.
- Hulle mag nie vloek of vloektaal gebruik nie.
- Hulle moet te alle tye gehoorsaam wees en hul samewerking gee.
- Daar mag nie in die badkamers gespeel of geëet word nie.
- Kinders mag hul eie speelgoed bring, maar die nasorg aanvaar geen verantwoordelikheid vir speelgoed wat breek of wegraak nie. Hul doen dit op eie risiko.

Kinders moet probeer om hierdie reëls na te kom. Kinders wat nie die reëls nakom nie, sal gestraf word na gelang van hul oortreding. Herhaalde oortredings kan lei tot skorsing. Goeie en regverdige oordeel word gebruik. (Sien ook asb die gedragskode en verskillende vlakke van oortredings met die toepaslike strafmaatreëls op die webtuiste van die nasorg).

Na gelang van bogenoemde maak ons staat op die selfdissipline wat u as ouer by u kind kweek. ‘n Goed opgevoede kind het ‘n goeie fondasie en ‘n sterk karakter en kan dus die regte keuses maak en die regte besluite neem in moeilike situasies.

Ons is afhanklik van ouers se positiewe ondersteuning om hul kinders te motiveer om die personeel se outoriteit te respekteer. Kom ons vat hande en bou ‘n gesonde nasorg!

Betalings

- Bedrag: R900 per maand per kind vir 2019.
- Die bedrag is betaalbaar vir 11 maande van die jaar. (U betaal dus vir Januarie, maar nie vir Desember nie.)
- Die bedrag moet vooruitbetaal word – voor die 5de van die maand.
- Die bedrag kan kontant of deur die internet betaal word. Indien dit deur die internet betaal word, moet u kind se naam en van as verwysing dien.
- **Inbetalings kan in die volgende rekening gemaak word:**
  H N van der Merwe
  ABSA

Rek nr. 9120689238

- Ouers wie se rekening agterstallig is, sal kwartaalliks ‘n staat ontvang. Ouers wie se rekeninge op datum is ontvang geen staat nie.

Vakansiesorg

- Addisionele bedrag van R50 per dag per kind word vereis
- Ons is elke vakansie oop; behalwe vanaf die 15de Desember tot ongeveer 8 Januarie.
- Daar word uitstappies gereël gedurende die vakansie. Hou dit ingedagte vir u begroting.
- ‘n Spesiale vakansiesorgvorm sal aan u uitgedeel word met ‘n sperdatum waarop u dit moet voltooi.
- Die nasorg gaan op **22 Maart 2019**(Vrydag) tydens die vakansie gesluit wees aangesien 21 Maart (Erfenisdag) ‘n vakansiedag is. Dus kan u rustig verkeer of wegbreek vir dié langnaweek!

Die nasorg is wel gesluit op openbare vakansiedae, asook skole vakansiedae.

Ouers moet onthou om:

- hul kinders voor of stiptelik om 17:30 af te haal. Indien u laat is en ons nie in kennis stel nie, sal u ‘n boete betaal.
- hul kinders persoonlik in die nasorg kom uitteken.
- **die boetes is as volg: 17:30-17:40:R100, 17:40-17:50:R150, 17:50-18:00:R200**
- die nasorg in kennis te stel indien hul deur iemand anders afgehaal word of indien u kind nie die dag nasorg gaan bywoon nie.
- **elke kind se huiswerk te kontroleer. Dit bly steeds die verantwoordelikheid van die ouers**.
- die buitemuurse vorm volledig te voltooi sodat die nasorg deeglike kontrole oor u kind se bewegings kan hou.
- **die nasorg voorsien van u kind se nodige skryfbehoeftes – inkleurkryte, potlode, liniaal, skêr, uitveër en huiswerkboek. (dus ‘n aparte potloodsakkie vir die nasorg)**
- elke dag gepaste en gemerkte klere vir die nasorg in te pak. Alle artikels moet ook duidelik gemerk wees.
- enige inligting wat verander (adres, telefoonnommers, ens), dadelik aan ons deur te gee.
- die nommers van die assistente op hul fone te stoor. (vir die dae wat ek nie beskikbaar is nie)

Fondsinsameling

- Die nasorg sal steeds hierdie jaar Entrepreneursdae hou om fondse te in vir die instandhouding en verbertering van toerusting in die nasorg.
- Ons beoog om hierdie jaar ‘n draagbare verkoeler vir die nasorg aan te koop.
- Datum van wanneer entrepreneursdag hierdie kwartaal gehou gaan word, volg later.

Komitee

- Die nasorg het ‘n komitee wat een keer per kwartaal vergader en sekere sake rondom die nasorg bespreek.
- Ons moet vir 2019 ‘n nuwe komitee saamstel.
- Indien u belangstel om op die komitee te dien, is u welkom om my te skakel of ‘n epos te stuur.

Dissiplinêre Komitee

- ‘n Dissiplinêre komitee is saamgestel om insette te lewer met dissiplinêre verhore.
- Die volgende persone dien op hierdie komitee:

Ouer	**Titel**	**Selnommer**
Annamarie Swart	Onderwyseres	0832647511
Lourez Swart	Prokureur	0824135093
Nicola van der Merwe	Nasorghoof	0845808283

Dvd’s

- Dvd’s moet noukeurig deur personeellede gekies word met die inagneming van die leerders se ouderdom.
- Geweldadige dvd’s en dvd’s met ontoepaslike inhoud mag ook nie vertoon word nie.
- Ouers moet asb bogenoemde in ag neem wanneer daar dvd’s na die nasorg gestuur word.
- Ouers sowel as personeellede moet leerders motiveer om so min as moontlik televisie te kyk.

Algemeen

- Kommunikasie vind plaas dmv selfone (hetsy oproep, sms en ander) asook deur die stuur van ‘n epos.
- Indien u enige vrae het of onseker voel oor iets, is u welkom om my te kontak by: 0845808283 OF ‘n epos te stuur na: nicolavdm01@gmail.com

ONS GLO DAT DIE NASORG VIR DIE PERSONEEL, OUERS EN KINDERS ‘N BAIE GELUKKIGE PLEK SAL WEES!

Nasorggroete

NICOLA VAN DER MERWE